VAN DIE SUSTERS

JAAR-EIND-KUIER

Die Sustersbestuur nooi ons lidmate en vriende uit na ons ***JAAR-EIND-KUIER*** op Saterdag-oggend **30 November 2024 om 10:30** in ons saal. Op die program is gesellige saamkuier, 'n ligte musiekprogram en tee/koffie en verversings. Lidmate word vriendelik versoek om 'n bordjie eetgoed saam te bring. **Daar is 'n lys in die saal en lidmate word versoek om name daarop in te vul.** So weet die Susters om vir die regte getal gaste voor te berei.

Hartlike Sustersgroete

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: Diakonie GK Potchefstroom.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 38 Sondag 24 November 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste:
Ouderlinge: Wyk 13 **Loffie Eloff** en Wyk 14 **Paul Schutte**
Diakens: Wyk 13 **Pieter Bouwsema** en Wyk 14 **Koos Nortjé**
Skinkbeurt: Wyke 11 en 12. Wyksuster Wymie du Plessis
Diens Huis Eikelaan om 15:30 gelei deur prof Callie Coetzee

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Ons Kersprogram neem direk na die erediens 'n aanvang, daarom word die afkondigings vanoggend voor die erediens aan die orde gestel. Ons is baie danbaar vir kosbare en mooi gawes wat die Here aan die gemeente gee en waarvan ons vanoggend weer tydens die Kersprogram mag geniet. Aan elkeen wat 'n bydrae lewer, ons opregte dank. Ná die Kersprogram sal ons in die kerksaal die gemeenskap van gelowiges geniet. Dankie aan almal wat ook daar betrokke is en die bediening sal waarneem.
Woordbediening: 1 Samuel 18:17-30 (AFR'20).
Fokusverse: 1 Samuel 18:29.
TEMA: *"'n Vyand vir altyd"*
Sing: Psalm 74:15, 16; Skrifberyming 20-1, 4, 6 (49): (melodie Psalm 134); Psalm 9:1, 2; Psalm 9:7; Psalm 7: 2, 3, 7; Psalm 89: 8, 9, 10; Psalm 31:6, 7, 12. .

AAND: Woordbediening: Johannes 10.
Fokusverse: Johannes 10: 28 - 29.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 11.

TEMA: *Omdat God is wat Hy is en getrou is aan sy Wese, staan ons verkiesing vas en kan niemand ons uit die hand van God ruk nie.*
Sing: Psalm 95:1, 4; Psalm 28:6, 7, 8 (melodie Psalm 45); Skrifberyming 16-1:4, 5, 6, 7 (15); Psalm 23:1, 2, 3.

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir die **Thusofonds**
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
(Spesiale kollekte volgende week: ***Teologiese Studentekas*****)**

EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Prof. Callie Coetzee sal DV vanmiddag om 15:30 voorgaan in die erediens in die Kapel by Huis Eikelaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur wyke 13 & 14 (Ouderling Loffie Eloff en ouderling Paul Schutte).

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Pieter Gloy verduur steeds las van die oog wat onlangs geopereer is. Ons bid hom spoedige en volkome herstel toe.

Hendrien Venter was die afgelope week weer by die onkoloog en geen verdere behandeling is nodig nie. Ons dank ons troue Verbondsgod vir sy oneindige genade.

Pieter Bouwsema het Woensdag die tweede en laaste prosedure aan sy oë ondergaan en ons is saam met hom dankbaar vir die beterskap wat hy ervaar.

Japie van Jaarsveld het Dinsdag ’n opvolgbesoek aan die dokter gebring ná die operasie wat hy ’n week of wat gelede ondergaan het. Ons bid Japie ’n spoedige en volkome herstel toe.

Susan Nortje het die afglope week 'n PET skandering ondergaan. Die uitslae van hierdie toets is nog nie bekend nie. Totdat die uitslae bekend sou word, is sr. Susan ontslaan en sterk sy tuis aan. Ons verseker haar, br. Koos en hulle geliefdes van ons voorbidding.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met **Ita Schulze** wie se skoonseun verlede Sondag oorlede is. Mag ons hemelse Vader sy ryke vertroosting aan elkeen van sy dierbares gee.
Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!
Dinsdag 26 November is **Bennie en Wouna van der Berg** 58 jaar getroud en Vrydag 29 November is **Lourens en Blanche du Plessis** 44 jaar getroud.
Baie hartlik geluk aan die twee egpare.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	24/11	10:30	Kersprogram na erediens	Kerkgebou
		15:30	Erediens Huis Eikelaan Prof Callie Coetzee	Kapel
Di	26/11	15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan afsluiting	**Rooi sitkamer**
Wo	27/11	18:00	Bybelstudie (Markus nr 6); afsluiting	Konsistorie
Sa	30/11	10:30	*JAAR-EIND-KUIER*	Kerksaal

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 26 November om 15:00
Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal welkom.

– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament"*, word behandel. Op **27 November sal Studie 6** van die Markusevangelie behandel word.

VERLOF: DS JANNES EN PROF. CALLIE

Ds. Jannes sal van die naweek van 1 Desember af vir drie weke met verlof wees. Hy sal wel op 8 Desember met die bediening van die doop in die erediens voorgaan. Volgens die afspraak met die kerkraad sal ds. Jannes weer vanjaar (elke derde jaar) oor kersfees die Woordbediening waarneem. Kontak asseblief in die tyd van ds. Jannes se verlof in geval van nood u wyksouderling of prof. Callie.

Prof. Callie sal vanaf 17 Desember tot 7 Januarie met verlof wees. Lidmate onder prof. Callie se sorg kan in hierdie tyd ds. Jannes onverwyld kontak.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	24/11	**Anne van der Walt,**. Wyk 1
Ma	25/11	**Maarten van der Walt (92),**. Wyk 13.
Wo	27/11	**Fanie Jooste,**. Wyk 1
Sa	30/11	**Kobus Mentz,**. Wyk 3
		Paul Schutte,. Wyk 3

Bede met meelewing: Psalm 74: 15 en 16

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID

Die Susters van wyke 11 en 12 nooi almal uit
om na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet